

Ontmoeting 1

DIE INTERTESTAMENTÊRE TYD

WANNEER KOM HY DAN?

Teks: Lukas 2; Maleagi 3; Miga 5:2; Jesaja 9:6 / 7:14; Sagaria 9:9

Benodigdhede:

Vier prente en iets soos maskeerband waarmee dit op die grond vasgeplak kan word.


Opperolde sokkie en plastiëkkolf

4 Besempoppe (of trek 4 kinders so aan):

- 'n Baling wat terugkeer – vaal en eenvoudig
- Een wat herinner aan die Griekse tydperk
- Een met klere stukkend geskeur – asof hy uit 'n geveg kom
- Een wat armoedig aangetrek is – moet wys hy kry swaar

(Jy kan 1 besempop gebruik en net elke keer sy voorkoms verander.)

'n Boodskap in die vorm van 'n boekrol waarin die volgende verse staan: Miga 5:1; Jesaja 7:14; Jesaja 9:1,5 en 6



WELKOM

Kenmekaar: Speel "mens tot mens":

Die kinders verdeel in pare. Roep uit: "Duim teen duim" – doen aksie

"Knie teen knie" "Rug teen rug"

Roep dan: "Mens tot mens" – Almal ruil maats.

Herhaal dit 'n paar keer. Vra met elke ruiling wat die maatjie se naam is en waar hy skoolgaan.

Speletjie 1: Rounders:

Bof 1: Perse; bof 2: Griekse; bof 3: Makabeërs; bof 4: Romeine

Kopieer die 4 prente en plak dit stewig op die vloer met maskeerband of kleeflint vas. Gebruik 'n opperolde sokkie vir 'n bal en 'n plastiëkkolf.

Speletjie 2: Aljander/ koljander so deur die bos.

Twee (grootste) kinders staan oorkant mekaar en maak 'n boog met hulle arms. Al die ander moet onder die boog deurbeweeg terwyl daar gesing word: "Aljander, aljander so deur die bos"

My Mamma en Pappa kook lekker kos

Die kinders kry elkeen 'n druiwetros

Die laaste korrel word afgepluk!"

Op die laaste woorde word die boog (arms) gesak en 'n deelnemer word vasgekeer. Al die deelnemers moet so vinnig as moontlik beweeg sodat hulle "korrels nie afgepluk" word nie. Elkeen wat "gevang" word, kies tussen twee woorde en gaan staan agter die een wat daardie woord het. So vorm twee rye totdat almal gevang is. Elke ry hou vas aanmekaar en die twee rye trek dan om die wenry te bepaal. Die ry wat eerste "breek", verloor. Dit kan groot pret wees en 'n gevallery afgee. Indien daar meer as 20 kinders is, verdeel in twee groepe en brei die kompetisie uit.

Groep 1 kies tussen: Skrywer of padbouer

Groep 2 kies tussen: Vegters en rebelle

Wenner van groep 1 trek teen wenner van groep 2 en die ander twee groepe trek ook vir ouslaas teenmekaar.



WYDING

Sing 'n opgewekte lied of twee, bv. "Die Welkomliedjie" en "Stapsoldaatjie".

Aanbidingslied: "Jesus, groot bo almal"

Temalied: "Jesus be the centre" (*Vind die videoclip met bewegings op ons webtuiste by die eerste ontmoeting.*)

Bid saam: Noem elke kind se naam in 'n seëngebed.

Stilword-ritueel:

Gebed: Die leier bid elke keer 'n sinnetjie en die groep herhaal dit saam:

"Dankie Heer vir hierdie dag."

"Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet."

"Dankie dat U mens geword en vir ons die pad kom loop het."

"Help ons om U ook te volg..."

"...soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het."

"Amen"



WOORD

Inleiding: Hier is 'n man wat vir ons nuus bring. Hy is 'n Israeliet, maar hy is nie in Israel gebore nie. Hy was in ballingskap in Babel. (*Vra vrae oor verlede jaar se reeks, bv. "Hoekom was Israel in ballingskap?"; "Wat het Nehemia kom opbou na die ballingskap?", ens.*) Kom ons hoor wat vertel hy:

(Bring besempop in wat soos 'n arm man aangetrek is. Hy het die boekrol by hom.)

"My hart is baie bly, want ek is vry. Ek het my lewe lank gewag vir die dag dat ons kon terugkeer na ons eie land. Nou is ons hier in Jerusalem en die muur en die tempel is weer opgebou. Ons het ons les geleer en niemand in Israel aanbid nou afgode nie. Ons het ook nie 'n koning nie. Die hoëpriester is verantwoordelik vir groot besluite. Dit was Koning Kores van Persië wat ons gehelp het om terug te kom na ons eie land. Die Perse het die grote Babel ingeneem en ons gehelp om ons tempel te versorg. Ons voel nou veilig. Ek sien uit daarna dat my kinders en kleinkinders hier kan grootword en van God kan leer."

(Bring die besempop met "griekse kleed" in. Hy hou die boekrol ook vas.)

Ons het nog 'n besoeker. Kom ons hoor wat hy vertel:

"Ai, maar die wêreld het darem vreeslik verander vandat ek 'n kind was. Dis nou 200 jaar gelede dat my voorouers uit Babel teruggekeer het. Ek hoor my agter-agter oupagrootjie was netnou hier. Hy sou julle vertel het van die goeie dae toe hulle die muur en die tempel reggemaak het. Intussen het daar baie dinge in die wêreld gebeur. "Alexander die Grote - die Griek van Masedonië - het die Perse oorwin en hy regeer nou oor al die lande wat ons ken. Dit het so erg geword dat ons glad nie eers meer ons eie taal praat nie. Almal praat nou

Grieks en die Grieke het hulle gode oral ingebring. Selfs in ons tempel. Ons mag nie meer vir God aanbid nie. Hulle doen net wat hulle wil in ons tempel. Wat my die seerste maak, is dat my eie mense die Grieke se gewoontes so interes-sant vind dat hulle nie meer vir hulle eie geloof, taal of kultuur omgee nie. Wat gaan tog van ons word? Wat van al die beloftes van die profete? Sal daar vir ons 'n Verlosser kom? O, Here help ons.”

(Besempop, die “Makabeër”, lyk of hy uit 'n geveg kom. Hy het nou die boekrol.)

“Ons kon dit net nie meer uithou nie. Ons het genoeg gehad van die Grieke wat in ons tempel maak net wat hulle wil. Ons het saamgestaan en in opstand gekom. Dit was 'n lang stryd en baie gevegte, maar na 20 jaar het ons gewen. Die tempel is nou weer onder ons beheer en ons het 'n nuwe altaar gebou. Ons mense praat nog steeds Grieks en die boeke van Moses en die profete is in Grieks vertaal. Ons kan uiteindelik na meer as 500 jaar onself regeer. Ons eie priesters regeer die land. Ons het nie 'n koning nie. Nou wag ons net dat die profesieë van die Messias moet waar word.”

(Bring die besempop wat armoedig aangetrek is.)

“Dink julle dit gaan goed in my land? Moenie glo nie. Vir 200 jaar het dit heel goed gegaan het, maar daardie tyd is verby. Die Romeine het sterker geword as al die ander volke en ons is ook nou onder hulle beheer. Hulle het 'n kamma koning vir ons aangestel. Sy naam is Herodes, maar eintlik doen die Romeine net wat hulle wil. Ons is soos slawe in ons eie land. Ons het net een hoop en dit is dat die Messias moet kom. Dit is wat die profete voorspel het”: *(Lees die verse in die boekrol.)*

Vertel vir die kinders dat na al hierdie jare alles gereed was dat Jesus kon kom en die boodskap in die wêreld kon versprei. Die Griekse taal is oral verstaan, die Romeine het goeie paaie gebou waarmee mense tussen lande kon beweeg en die Romeinse regstelsel was so goed ontwikkel dat ons vandag nog daarvan gebruik maak.

Lees Lukas 2. Augustus die Romein regeer. Hy laat almal inskryf in hul eie geboorte dorpe.

- * In die tyd is Jesus gebore
- * Hy is die Redder vir alle volke
- * Alles is gereed vir die uitdra van die boodskap van Sy Verlossings-werk (o.a. paaie, taal, regstelsel, ens.)

Tyd vir wonder:

1. Ek wonder wat was vir jou interessant / mooi in die verhaal.
2. Ek wonder watter deel van die verhaal sal jy onthou.
3. Ek wonder in watter van die tye sou jy wou leef.
4. Ek wonder watter van God se beloftes is vir jou spesiaal.



WERSKAF

- ◆ Teken vrylik wat jy kan onthou uit die vertelling.
- ◆ Padbou met koekies en lekkers. Gee ook botterversiering om die koekies en lekkers aanmekaar te las.
- ◆ Elke kind kry 'n koevert met die profesieë wat in die boekrol geskryf was.
- ◆ Hou 'n rollespel met die besempoppe.

Sluit af met die seëngroet:

Hou almal hande vas in 'n kring. Die kinders herhaal agter die aanbieder aan:

“Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons;

Dankie, Heer, vir die maatjies langs ons;

Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.

Amen.”

Profesieë om in boekrol te sit:

Miga 5:1: Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede!

Jesaja 7:14: Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.

Jesaja 9:1,5 en 6: Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.

Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.